

## GESKIEDENISWETENSKAP IN TYDGENOOTLIKE PERSPEKTIEF

As Stephen Dedalus beweer „History is a nightmare from which I am trying to awaken”,<sup>1</sup> dan is dit seer seker adekwate gronde om genoemde aantyging krities te bevra in tydgenootlike perspektief. Genoemde bewering dui nl. juis spesifiek op ’n bepaalde eksistensiële afsydigheid teenoor die geskiedenis wat nie negeer kan word nie.

In sy werkie *Der Mensch in seiner Gegenwart*, omskryf Heimpel hierdie afsydigheid as volg: „Seit dem Zusammenbruch von 1945 breitet sich, und nicht nur in Deutschland eine gewisse Geschichtsmüdigkeit aus”.<sup>2</sup> Ons leef nie meer „im vertrauten Hause der Geschichte” (Jünger) nie. Simmel weer betwyfel die vermoë van die huidige generasie om die mens van weleer te verstaan juis vanweë ’n afsydigheid en gevoelloosheid oor dit wat nie in brute feitlikhede voorhande is nie. Heuss stel dit weer so: „Die gegenwärtige Welt . . . wird im Durchschnitt von einem nahezu enthistorisierten oder a historischen Bewusstsein repräsentiert”.<sup>3</sup> Die mens staan blykbaar teenswoordig neutraal, afsydig, indifferent, ja selfs gevoelloos teenoor die verlede — die verlede word vir ons ’n *in toto* sinnelose verlede wat geen appèl tot ons rig in ons eksistensieverheldering as wyse van „Dasein” nie. Inderdaad is die teenswoordige sisteem van geskiedenis beëindig om met Weber te spreek — ons staan tereg voor ’n nuwe historiese bedeling (Jaspers). Die mens lewe, om dit nog meer pertinent te stel, in ’n tyd van die nie-meer-verstaan-kan en die nie-meer-verstaan-wil van sy verlede nie. In onderhawige verband praat Heimpel dan van ’n a-historiese of on-historiese mens, as loëning van dit wat juis die essensie van die mens, as mens, impliseer.<sup>4</sup>

Hier moet dit egter reeds duidelik gestel word dat die betoog nie gemik is teen dié onderafdeling van die geskiedeniswetenskap wat hom besig hou met die versameling van brute feitlikhede van historiese oorsprong nie. In dié besondere verband is die huidige generasie tereg volgens Carr „the most historically minded of all ages”.<sup>5</sup> Dit gaan hier meer eksplisiet om die eksistensiële appèl wat die mens se verlede tot hom rig; sy bewus wees van sy historisiteit; nog anders gestel, sy geskiedsbeleving as eksistensiële plaasbepaling in lewensituasies. Die probleem is nl. juis dat die mens vanweë ’n ooraksentuering van die

1. Meyerhoff, H., *The Philosophy of history in our time — an anthology*, Anchor book, Doubleday S. Co., Inc., New York, 1959, p.22.
2. Heimpel, W., *Der Mensch in seiner Gegenwart*, tweede erweiterte Auflage, van den Hoeck's Ruprecht, Göttingen, 1957, p.33. Vgl. ook: Heimpel, H., *Kaputulation vor der Geschichte*, 3. Vermehrte auflage, van den Hoeck's Ruprecht, Göttingen, 1960, p. 49, *et. seq.*
3. Zimmermann, K., „Über einige Probleme der gegenwärtigen Geschichtsphilosophie”, *Saeculum* 14: 17. 1963.
4. *Ibid.*, en Heimpel, H., *Kaputulation vor der Geschichte*, pp. 65-66.
5. Carr, E. H., *What is history?* Penguin books, Middlesex, England, 1967, p. 129. Vgl. ook Bouman, P. J., *In de Bander Geschiedenis*, derde druk, het Spectrum N.V., Utrecht/Antwerpen, 1962, pp. 5-6, 27, 31; Wittram, R., *Das Interesse an der Geschichte*, 3. Auflage, Van den Hoeck's Ruprecht, Göttingen, 1968, pp. 5, 15, 57.

feitelike nie deurdring tot die fundamentele antropologiese insigte wat implisiet ter sake is nie. Hier wil ons nou nie 'n sosiologiese, psigologiese of ander verantwoording vir die gesketste antropologiese afsydigheid gee nie, dit word bloot as feit gekonstateer. Dit sal eerder ons taak wees om die rol van die geskiedeniswetenskap in die lig van gestelde dilemma nader te presiseer.

Inleidend moet dit by wyse van hipotetiese stelling gestel word dat wie die mens wil verstaan implisiet ook met die mens as historiese wese gekonfronteer sal word. Jaspers stel dit so, „wir wollen die Geschichte als ein Ganzes verstehen, um uns selbst zu verstehen . . . sie ist der Grund, der gelegt ist und an den wir gebunden bleiben, wenn wir nicht in Nichts zerrinnen, sondern Anteil gewinnen wollen am Menschsein.”<sup>6</sup> Die vraag wat nou ontstaan is of ons in ons betragting van die verlede ook die mens as mens ken; anders gestel, is daar ruimte gelaat, in ons rekenskap gee aangaande toeganklike verlede (Huizinga) om die mens vanweë sy gemeenskaplike menswees tot spreke te bring — impliseer die vraagstelling aan die verlede dus meer as 'n blote „antikwariese aktualiteit”?

Ter aanvang moet ons nou eers die probleem van die reeds geimpliseerde historiese tyd kortliks aan die orde stel. Wysgerige abstraksies daar gelaat, val die tydsbegrip populêr gesproke uiteen in die verlede, hede en toekoms. Beerling kenskets dit op plastiese wyse as volg: „Teenwoordigheid onder het gezichtspunt van het verleden heet herinnering, onder dat van het heden waarneming en onder dat van het toekomst verwachting”<sup>7</sup>. Deurdat die mens refleksief-herinnerend die verlede kan antisipeer en as het ware tot gesprekspartner kan oproep, is dit 'n intensionele, sinvolle dialoog wat hy voer. So kan ek die mens van vandag wat in eksistensiële krisis verkeer beter leer ken op grond van my kennis van die mens van weleer en wel juis as gevolg van ons gemeenskaplike menswees. Heimpel vat dit tiperend saam as hy sê: „Der Mensch ist das Wesen mit Gedächtnis. Der Mensch ist also dadurch Menschlich dasz er Geschichte hat . . . das historische Gedächtnis verlängert das Leben des Menschen über die physische Lebenszeit hinaus”<sup>8</sup>. Konkluderend: die verlede is onherroeplik verby maar oproepbaar voorhande. Dit is dus prinsipiël vir my as mens moontlik om oor die mens van weleer te besin.

Daar dit egter hier meer spesifiek om die hede-relevansie en aktualiteit van die geskiedenis gaan, moet ons genoemde aspek nog nader toelig. Die verlede is per definisie nie meer voorhande nie. In 'n sekere sin

6. Soos deur Röth, H., *Kind und Geschichte, Psychologische Voraussetzungen des Geschichtsunterrichts in der Volksschule*, Im Kösel verlag, München, 1968, p. 92, aangehaal.
7. Beerling, R. F., *Heden en Verleden — denken over Geschiedenis*, Van Lochem Slaterus, Arnhem, 1962, p. 203. Vgl. Bouman, P. J., a.w., p. 9; Haeuptner, G., *Verhängnis und Geschichte*, verlag Anton Hein, K. G. Messenheim/Glan, 1956, p.10 et. seq. Heus, A., *Verlust der Geschichte*, Van den Hoeck's Ruprecht, Göttingen, 1959, pp. 13-31, 56.
8. Heimpel, H., *Kapitulation vor der Geschichte*, p. 56.

is alles vir die historikus egter teenwoordig en wel in die sin dat hy 'n hede-perspektief op alle materiaal het. As ons gevolglik trag om 'n gebeure te rekonstrueer, kan dit nie 'n naïef-realistiese konnotasie hê nie, omdat die verlede as sodanig nie voorhande is nie. Ons beskik nie net oor kennis van die verlede in terme van meetbare feitlikhede nie, of omdat idealisties gesproke (so Collingwood, Croce) Gees oor Gees dink nie, of nog meer spesifiek omdat „all true history contemporary history”, is nie.<sup>9</sup> Immers die „herleef” en die ware gebeure kan logies gesproke nie identies wees nie. Die relevansie van die hede, lê veel eerder op die terrein van 'n tydgenootlike appèl wat die verlede tot ons rig te midde van 'n steeds groterwordende eksistensiële bedreiging van die mens. G. Barraclough stel dit dan ook dat ons as mense *ipso facto* op ons historisiteit moet terugval in ons wêreldkonstituering. Hy gaan verder en besluit dan, en dit is vir ons fundamenteel: “All history however apparently disinterested springs from some present need and reflects an individual deep-seated questioning . . . We seek in the end, to know what really happened in order to assess its bearing and meaning for us”<sup>10</sup>. Ook Bouman is van opinie dat dit wat onder geskiedeniswetenskap geïmpliseer word 'n aktuele, eksistensiële konnotasie in die huidige, tydsgewrig besit. Geskiedenis moet steeds Nietzscheaans gesproke kragtige voedsel aan die boom van die lewe voorsien; gebeur dit nie, staar ons 'n katastrofe in die gesig. In onderhawige verband besluit Bouman dan „Men kan zich een kultuur denken die door de geschiedenis veel van haar spankracht zou inboeten . . . Geschiedenis als bevrijding, als gids in onse eüistensiële oriëntering, teenover geschiedenis die, hoe wetenskaplijk ook, haar dienende functies slechts in kritisch-intellectuele zin vervult. Een merkwaardige alternatief”<sup>11</sup>. Nog meer kras is Ortega y Gasset as hy hipoteties vra of die geoloog nie veel eerder daarin slaag om belangstelling te wek vir dooie stene, as historici belangstelling veroorsaak vir die lewende mens nie.<sup>12</sup>

Uit die voorafgaande is dit nou te konkludeer, dat die historikus onlosmaaklik aan die hede vasgeknoop is en dat sy seleksie van feite, interpretasie, waarde-oordeel en selfs aanbieding hierdeur noodgedwonge 'n tydgenootlike, subjektiewe element veronderstel, maar daardeur nie minder geldig word nie<sup>13</sup>. Meer nog, en dit is vir ons die fundamentele, die mens moet juis vanweë sy menswees implisiet of eksplisiet trag om deur distansiering en konstituering sy wêreld te skep en te herskep, dat dit eksistensiël, essensieel is dat die verlede en hede in dialoog met mekaar verkeer — dat hulle inderdaad dialekties op mekaar aangewese is. Binne hierdie „Universe of discourse” beantwoord die historikus dan

9. Vgl. Beerling, R. F., pp. 88, 102, 203, 211; Carr, E. H., p. 26; Romein, J., *In de hof der historie*, Tweede druk, E. M. Queridos Uitgeverij N.V., Amsterdam, 1963, p.89.

10. Barraclough, G., *History in a changing world*, Oxford, Basil Blackwell, 1957, p. 23. (My kursivering).

11. Bouman, P. J., p. 71.

12. Ortega y Gasset, J., *Gesammelte Werke III*, Stuttgart 1956, p. 364.

13. Beerling, R. F., p.55.

die vraag oor hoe die mens is *per se* op grond van sy kennis hoe die mens was. Nou wil ons nie die verlede aan die hede pragmaties uitlewer nie in die gees van bv. 'n Treitschke, of Macaulay of Rosenberg of Pokrovsky nie. Dit gaan hier egter tog om 'n fundamentele aksentverskuiwing, wat essensieel is om te verhinder dat geskiedenis antkwaries word, of selfs in 'n blote versameling van archaïese stof verval waar dit bloot gaan om die feite as sodanig. Gebeur laasgenoemde, dan loop die mensdom gevaar om steeds meer 'n vreemdeling binne sy menslike domein te word.

Nou wil ons dit duidelik stel dat dusdanige hede-sentriese en antropologies-gerigte geskiedeniswetenskap nie sonder meer 'n subjektiwisme veronderstel nie. Heimpel sê hieroor: „Geschichte aufgerufen und im guten Fall entflammt von den Forderungen der Gegenwart, ist doch auch wieder eine Beruhigung dieser Gegenwart, sie ist nicht nur das erkennende, nicht nur dar verstehende, sondern auch das versöhnende Gedächtnis des Menschen”<sup>14</sup>.

In die lig van ons reeds gehuldigde beskouinge is dit nou nodig om sekere spesifieke verdere knelpunte binne die historiese kaleidoskoop aan die orde te stel om die geïmpliseerde gebreke verder te verifieer.

'n Verdere probleem wat aandag verdien is dan ook die „te geringe belangstelling voor de mens als sentraal object van geschiedsvorsing en schrijving”<sup>15</sup>. Uiteraard kan hier slegs enkele antropologies-relevante momente aangestip word.

T. Schieder stel die taak van die geskiedenis in relevante verband so: „Sie verlangt Einsicht in die Schwächen des hilflosen irrenden Geschöpfes Mensch”<sup>16</sup>, en Beerling weer stel die antropologiese vraagstelling deur die historikus as *par excellence* die terrein wat as die mees fundamentele geld, as dít gaan om die mens as historiese fenomeen, omdat daar maar net een geskiedenis is en wel van die mens<sup>17</sup>. Hoewel die historikus klaarblyklik eksplisiet of implisiet na die mens moet vra, al is dit na die mens van weleer, is dit eweneens waar dat daar deur historici in hul opleiding en praktyksbeoefening slegs op die oorsigtelikste wyse kontak met dit wat fundamenteel en prinsipiële van menswees is, gemaak word. Nou is dit egter so dat hy wat nie vanuit 'n regionaal-gefundeerde antropologie vertrek, beswaarlik die mens as sentrale historiese fenomeen kan verstaan — en dit is juis wat die historikus pretendeer om te doen. Om met Bloch te praat, is alle historiese feite sinneloos, as mens nie weet van watter mens hier sprake is nie. Nou is die vraag: „Maar waarom kenmerkt menige historische verhandeling zich dan door

14. Heimpel, H., *Kapitulation vor der Geschichte*, p. 66.

15. Bouman, P. J., p. 31. Vgl. ook Ortega y Gasset, J., *History as a system, and other essays toward a philosophy of history*, W. W. Norton S. Co., Inc. New York, 1962 p. 212; Kracauer, S., *History the last things before the last*, Oxf. Univ. Press, New York, 1969, pp. 54, 55; Roth, H., a.w., p. 96; Danto, A. C., *Analytical Philosophy of history*, Cambridge University Press, London, 1965, p. 96.

16. Schieder, T., *Geschichte als Wissenschaft — Eine Einführung*, 2., überarbeitete Auflage, R. Oldenbourg. München — Wien, 1968, p. 154.

17. Beerling, R. F., p. 169.

wat Febvre totale absence des hommes noemde?"<sup>18</sup>. Vir Bouman is daar net een antwoord — onkunde en onmag. Ook Hugenholtz stel die indringende vraag of ons die mens ken of kan ken deur die bestudering van die verlede?<sup>19</sup> Feit is dat die mens veelal deur die historici tot blote objek tussen objekte genivelleer word, tot blote somtotaal van biologiese, ekonomiese of watter ander nie-menslike feitlikhede. Selde kom die voelende, denkende, willende mens, as mens tot sy reg.

Wat dan is die basiese essensies van hierdie antropologiese-historiese benadering? Die mens is in sy intensionele dialoogvoering nie teenoor 'n bepaalde feitelike wêreld gestel nie, maar relasioneel betrokke in en by sy wêreld. Die mens word immers gekenskets deur sy vermoë tot distansiering en uiteindelijke konstituering van sy „Eigen”- en „Mitwelt” wat prinsipiël ontdaan is van die faktiese gedetermineerheid wat eie is aan die „Umwelt” van die dier of ding<sup>20</sup>. Nou geld die volgende, nl. dat vanweë die mens-wêreld-betrokkenheid, die lewe en wêreld van die mens alleen geken kan word in die lig van die wesensaard van die mens terwyl die wese van die mens geken word in en deur die lewe en wêreld waarin hy aan homself gestalte gee. Daar „Dasein” wesentlik „Mitsein” is, is dit 'n verhoudingsgebeure. Die verhouding tussen mens en medemens is boonop 'n eksistensiële verhouding wat dialogies verloop, daarom is ons kennis van mekaar nie kwalitatief-sintuiglik nie, maar eksistensiël-dialogiese gebeure. Op grond juis vanweë ons gemeenskaplike menswees is die mens van die verlede dan vir my potensieel en prinsipiël toeganklik. Hierdeur word die verlede dan 'n fundamenteel-lewende verlede.

Ons wil die reeds gestelde nog sterker aksentueer. Die mens is in sy transendensie 'n inisiatief van verhoudinge waardeur hy sy wêreld tegemoet tree en deur sy wêreld tegemoet getree word — hy skep dus self sy eie wêreld. Die ken van sy wêreld is gevolglik ontdaan van die gedetermineerde ken-houding wat ons by die dier en sy „Umwelt” aantref. „Hy is niet enkel een met meer kennis begaafd dier dat hij meer kennt berust hierop, dat zijn kennen a priori iets beoogt dat kwalitatief anders is.”<sup>21</sup> Met sy insig in die wêreld wysig sy selfinsig. Deur sy openheid leef hy „excentrisch” (Plessner) en oriënteer nie alleen die wêreld op holmself, maar re-oriënteer ook homself ten opsigte van die wêreld. Hierdeur is dan die mens beide skepper en skepsel van sy wêreld.

Wie die mens egter as skepper van sy wêreld wil ken, kan dit pas doen deur hom as kultuurskepper te beskou. Nou is dit verder so dat kultuur as het ware 'n menslik noodwendigheid is wat deur die

18. Bouman, P. J., *Wetenschap en Werkelijkheid*, van Gorcum S. Comp., Assen 1967, p. 150. Sien ook Bouman, P. J., *In de Ban der Geschiedenis*, p. 32.

19. *Ibid.*, p. 150. Vgl. Luipen, W., *Nieuwe Inleiding tot de Existensiële fenomenologie*, Aula — boeken, Het Spectrum, Utrecht/Antwerpen, 1969, p. 235.

20. Vgl. Romein, J., pp. 51-85. Plessner, H., *Die Stufen des Organischen und der Mensch*, zweite erweiterte Auflage, W. de Gruyter, Berlin, 1965, pp. 288-308, Landmann, M., *Filosofische Antropologie*, Aula — boeken, Het Spectrum, Utrecht/Antwerpen, 1966, pp. 152-174.

21. Romein, J., p. 81.

skeppende individu of groep tot vergestaltung gebring word. Dit is fundamenteel dat die mens se skeppe die element van vryheid impliseer — alleen as gevolg van hierdie vrye, ope, skeppe is kultuur „überhaupt” moontlik. Die mens se vrye skeppe word egter deur bepaalde predisposisies ingeperk, omdat hy bouer aan 'n reeds bestaande kulturele erfenis is. Ortega y Gasset noem in onderhawige verband die mens dan 'n tweede of derde mens<sup>22</sup>. Nog eens; *dat* die mens 'n kultuur het, is vasstaande, alleen ten opsigte van die *hoedat* is daar 'n bepaalde plastisiteit. Dit is verder belangrik om daarop te wys dat juis die mens se kulturaliteit, sy historisiteit veronderstel — dit sluit tewens die mens as tradisiewese in. Tradisie as sodanig is egter slegs 'n deel van die menslike historisiteit, omdat tradisie beide 'n begryping as 'n onthouding van die menslike verlede veronderstel.

Wie die historisiteit van die mens radikaal wil deurgrond, moet boonop kennis neem van die volgende: „Ein fundamentaler Unterschied besteht aber in der Tat zwischen dem Menschen und der Natur. Der Natur widerfährt ihre Geschichte, aber sie erfährt sie nicht. Sie ist Geschichte aber sie hat nicht Geschichte; denn sie weiss nicht dass sie Geschichte ist. Nur der Mensch hat bewusste, erfahrene Geschichte. Das Auszeichnende des Menschen liegt nicht in seiner Geschichtlichkeit an sich, sondern in seinem Wissen von seiner Geschichtlichkeit”<sup>23</sup>. Ons as mens is dus *per se* histories. Dilthey sê dan ook dat net die geskiedenis die mens helderheid gee oor wat hy is. Dit wil nou nie sê dat die historikus 'n absolute beeld van die mens as sodanig kan rekonstrueer nie, dit sou immers 'n penetrering van 'n bowemenslike domein inhou en dan sou die historikus op metafisiese insig kon boog. Nee, dit gaan juis om 'n beklemtoning van die feit dat die mens telkens slegs as wisselende perspektief naspourbaar is. Immers die wyse van kultuurskepping varieer, maar dat daar skeppend 'n wêreld moet ontstaan, is onafwendbaar. Die vraag ontstaan nou of die mens wat hierbo tot eksplikasie gekom het, die mens is wat ek in en deur die geskiedenis leer ken? Ontdek ons eventueel nog steeds die eie ek in die geskiedenis? Is dit wat fundamenteel is van menswees gespreksvennoot as ek met die geskiedenis omgaan, of word ek deur 'n oerwoud van feite verswelg? Dit alles is vrae wat roep om kritiese besinning in die tydvak waarin ons leef.

Daar dit ons hier ten taak gestel is om die rol van die geskiedenis in tydenootlike perspektief te evalueer, wil ons nog enkele knelpunte aanraak wat spesifiek relevant is. Ons sal dit doen deur op die noodsaaklikheid van 'n teoretiese deel-dissipline as fundamentele onderafdeling van die geskiedenis te wys.

Vooraf moet dit gepostuleer word dat die wetenskaplike nie sonder vooronderstellinge 'n studie van watter aard ookal kan aanpak nie.

22. Ortega y Gasset, J. *History as a system*, p. 12.

+ 23. Landmann, M., *Der Mensch als Schöpfer und Geschöpf der Kultur*, Ernst Reinhardt Verlag, München/Basel, 1961, p. 78. Vgl.: Dilthey, W., *Der Aufbau der Geschichtlichen Welt in den Geisteswissenschaften*, G.S. bd. VII, 15. unveränderte Auflage, BG. Tübingen, Stuttgart, p. 279.

Tog is dit essensieel om 'n „belangelose neutraliteit” te handhaaf as iemand op wetenskaplikheid aanspraak wil maak. Fundamenteel is dit verder dat wie wetenskap bedryf nie dogmaties sy opinie aan die werklikheid kan opdring nie, dan onttrek die werklikheid hom en wel in die sin dat hy omvorm of vervorm kan word, en laat hom dan nie toon soos hy is nie (Heidegger)<sup>24</sup>.

Ten einde ons beskouinge enigins te orden, sal ons vervolgens sekere relevante definisies van geskiedenis gee om so die terrein van die teoretiese geskiedenis beter te kan afets. Krüger omskryf wetenskap bloot as 'n metodiese vaslê van waarheid<sup>25</sup>. Diemer weer omskryf dit as „Ein Gesamt von Sätzen über einen Thematischen Bereich, die mit diesem in einem Begründungszusammenhang stehen”<sup>26</sup>. Walsch stel die volgende kardinale vereistes aan enige wetenskap: hy moet 'n vaste metode hê, hom leen tot suksesvolle voorspelling, algemene waarhede oopdek en objektief wees<sup>27</sup>. Laastens stel Landman dit so: „'n Krities verantwoordbare sistematiese en metodies verkreë maar tog ongeslote kennis wat berus op ware, universele, algemeen en noodwendiggeldige oordele en uitsprake aangaande 'n bepaalde afgebakende, selfstandige en samehangende perspektief op die leefwêreld as lewenswerklikheid”<sup>28</sup>.

Uit genoemde definisies kan nou enkele relevante gevolgtrekkings gemaak word. Eerstens moet dit gestel word dat daar inderdaad vele wetenskappe bestaan, wat populêr gesproke in natuur- en geesteswetenskappe uiteenval, wat almal te make het met een of ander aspek van die wyse waarop die mens sy wêreld konstitueer. Die natuurwetenskaplike vraagstelling mag derhalwe geensins verabsoluteer word nie en is eweneens 'n wyse waardeur die mens in „engagement” met sy wêreld verkeer. Fundamenteel is dit nou met die lig op ons tema dat wetenskaplike kennis onder andere metodies, sistematies, dit wil sê teoreties fundeerd moet wees. Anderle beweer dan ook dat 'n wetenskap net so wetenskaplik is as wat dit teoreties is<sup>29</sup>. Ook Ortega y Gasset bepleit die noodsaaklikheid van 'n teoretiese fundering van alle wetenskappe<sup>30</sup>. Ten tweede is dit spesifiek duidelik dat dit hier gaan om algemene uitsprake. Immers, Aristoteles het reeds daarop gewys dat dit vir die wetenskaplike om die algemene gaan. Nou is dit veral hierdie eis wat tydgenootlike historici sku maak vir veralgemenings en bygevolg ontstaan

24. Vgl. Diemer, A., *Was Heiszt Wissenschaft?* Verlag Anton Hein, Messenheim am Glan, 1964, p.31 *et. seq.*; Landmann, W. A., „Op soek na pedagogiese kriteria.” In *Publikasies van die Universiteit van Pretoria, Nuwe Reeks*, nr. 48, 1969, p.2.

25. Krüger, G., *Fundamentele Problemen der hedendaagse wijsbegeerte*, Aula — boeken, Het Spectrum, Utrecht, 1962, p. 47.

26. Diemer, A., p. 37.

27. Walsh, W. H., *An introduction to philosophy of history*, Hutchinson s-co., Ltd., London, 1964, p. 67.

28. Landman, W. A. en S. J. Gous. *Inleiding tot die fundamentele Pedagogiek — 'n Poging tot fundering*, Afrikaanse Pers Bpk., Johannesburg, 1969, p. 16.

29. Anderle, O. F., „A plea for theoretical history”, *History and theory*, vol. IV No. I, 1964, p. 40 *et. seq.*

30. Walgrave, J. H., *De wijsbegeerte van Ortega y Gasset*, Aula — boeken, Utrecht/Antwerpen 1967, p. 63; Vgl. ook Stern, A., *Geschiedsfilosofie und Weltproblem*, Ernst Reinhardt verlag, München, 1963, p. 128.

'n afsydigheid jeens geskiedsteoretiese probleme in die algemeen. Die eksponente van die sg. idiografiese wetenskappe betoog dan ook dat dit in genoemde wetenskappe bloot om die uitbou van die eenmalige, unieke grootheid gaan. Dit gaan hier om die ponering van individuele besonderhede oor die mens. Nou is dit weliswaar so dat 'n gebeurde al is dit uniek, as algemeen aanvaar kan word, deur dat dit algemeen as waar geag word. Dit is dus 'n algemeen geldige oordeel maar as sodanig nie 'n veralgemening (in die tradisionele sin altans) nie. Die historikus se belangstelling is naamlik, om dit eksplisiet te stel, spesifiek op 'n *bepaalde* gebeurde of persoon of wat ookal gerig — dit gaan byvoorbeeld vir hom spesifiek om die slag van Bloedrivier of Andries Pretorius as sodanig. Die algemene begrippe wat ter sake is, is funksioneel en sekondêr. Die natuurwetenskaplike wend weer die unieke bloot funksioneel aan as illustrasie van die algemene. Die primaat berus klaarblyklik by die onderskrywing al dan nie van die algemene<sup>31</sup>. Dit stel dadelik die problematiek van die historiese wetmatigheid aan die orde. Ons wil slegs die volgende relevante gedagte aanstip: Dit is naamlik vir die historikus onmoonlik om 'n absolute psigiese kousaliteit te poneer vanweë die feit dat dit hier gaan om 'n begryping van die mens deur die mens en per definisie is dit 'n poreuse relasie wat inisiatief as vryheid impliseer — dit is 'n sinsamehang wat nie sonder meer matematies meetbaar is nie. Die „as-dan-“ tipe is gevolglik ook 'n totale historiese anomalie weens die afwesigheid van hipotetiese, herhaalbare aanvangs-postulate wat eksperimenteel geverifieer kan word. Wie natuurwetmatig-dogmaties die mens wil ontleed, ontmens die mens en transponeer hom tot substansiële starheid — verlaag hom tot ding tussen en van dinge<sup>32</sup>. Ook die historikus loop gevaar om hom aan genoemde vergryp skuldig te maak, as hy nie onderlê is in die antropologies-teoretiese grondslae van sy vakgebied nie.

Dit bly die taak van 'n wetenskap om sistematiese kennis aangaande die werklikheid beskikbaar te stel en dit geld ook die geskiedenis. Immers, 'n pure idiografiese wetenskap sou niks anders as 'n *contradictio in terminis* wees nie, want sonder die algemene is die unieke nie aantoonbaar nie. Ander dissiplines wend die eksposisie aan om deur die beligting van die unieke tot algemene stellings te raak, terwyl dit vir die historikus juis om die beligting van 'n spesifieke situasie gaan. Die houdbaarheid in 'n bepaalde situasie al dan nie, hef ook nie so 'n wet op, of bevestig sy bestaan nie; omdat daar steeds die element van die menslike vryheid veronderstel moet word waar die mens ter sake is. Die mense is per slot van sake inisiatief van verhoudinge. Veralgemenings is dus vir die historikus bloot van beperkte waarde, maar juis daarom nie waardeloos nie. Wie die historiese situasie mikrokosmies

31. Vgl. Trümpelmann, M. H., *Die algemene en unieke in die verstaan van die geskiedenis*, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1970, pp. 99-101.

32. Vgl. Hugo, M., *Causaliteit in die Geskiedeniswetenskap 'n Metodologiese benadering*, V. en R. Drukkery (Edms.) Bpk., Pretoria, 1951, p. 69 en Romein, J., *Tussen Vrees en Vrijheid*, N.V.E.M. Querido's Mskpy., Amsterdam, 1950, p. 44.



betrag, kan dit per slot van sake veel effektiewer doen as hy ook 'n makro-kosmiese perspektief daarop nahou waar bepaalde algemene hipotese poneer word, om juis die unieke te kan kontrasteer. Volgens Romein is so 'n algemeenheid dan ook geldig „wanneer en zolang zij bruikbaar blyk en haar bruikbaarheid kan als bewesen gelden wanneer zij in het merendeel der gevallen opgaat”<sup>33</sup>. Nou kan die beskuldiging van 'n *a priori*, onwetenskaplike willekeur met groot vrug geopper word. Dit bly egter in alle, en nie net die historiese, situasies onmoontlik om 'n absolute wetmatigheid te poneer waar dit om die mens gaan — die mens is en bly immers 'n *homo creator*. Dusdanige wette is in hulle hipoteties-temporele geldigheid egter steeds sinvol, om met Oydellotte te praat<sup>34</sup>. Meer nog: as die geskiedeniswetenskap nie aan aktualiteit wil inboet nie, is dit eweneens vir hom nodig, „to show orderly patterns admits the wealth of forms of human life”<sup>35</sup> want dit is die essensie van alle wetenskappe om onder andere sulke algemeenhede aan te toon, as so 'n wetenskap 'n rol wil speel in die „oorkoming” van die „unüberwindliche Fraglichkeit des Daseins”. Anders gestel, as die wetenskap aktueel wil bly en nie antikwaries wil word nie, moet hy veralgemeen. Die geskiedenis is hier geen uitsondering nie, temeer omdat aangetoon is dat dit prinsipiëel moontlik is om te veralgemeen en dit boonop wenslik is, om 'n eietydse eksistensiële krisis die hoof te bied. Prakties mag daar probleme wees, prinsipiëel is sodanige besware egter irrelevant.

Nog meer spesifiek wil ons die lig laat val op 'n eietydse noodgeroep om 'n besinning oor die beginselgrondslae van geskiedenis. Wie hom met 'n historiese feit besig hou, hou hom onwillekeurig met 'n seleksie- en interpretasiegebeure besig en dit weer berus op sekere teoretiese onderstellinge, wat vir baie historici *in toto* onbekend is. Om met Morris Cohen te praat, „the theory of history is the most neglected province of philosophy”<sup>36</sup>. Schieder wys daarop dat geskiedenis gevaar loop om die ereposisie onder die sosiale wetenskappe in te boet, omdat die strewe om algemene patrone aan te toon, by historici grootliks verwaarloos word.<sup>37</sup> Anderle sê dat geskiedenis as wetenskap nie alleen epistemologies, nie sonder veralgemenings kan fungeer nie, maar dat dit tewens nie net 'n idiografiese opset in die geskiedenis gee nie<sup>38</sup>. Weereens, feite sonder 'n teorie is nie sinvol nie en 'n kontradiksie en kan daartoe lei dat die triviale en sekondêre voorrang geniet ten koste van die fundamentele. Om met Bouman te praat, deur 'n aksentuering van die boom word die bos as het ware onsigbaar. Alber sê tereg dat 'n metodologie sonder 'n behoorlik gefundeerde teorie gevaar loop om homself van die lewe te isoleer.<sup>39</sup>

33. Romein, J., *Tussen Vrees en Vrijheid*, p. 102.

34. Oydellotte, W. O., „Notes on the problem of historical Generalization.” IN: *Generalization in the writing of history* ed. L. Gottschalk, Univ. of Chicago, 1967, p. 154.

35. Anderle, O. F., p. 41.

36. Meyerhoff, H., p. 25.

37. Schieder, F., p. 215.

38. Anderle, O. F., p. 35.

39. ...*Ibid.*

Maar hierdie essensiële belang van die fundamentele geskiedenis kan ook radikaal gestel, teruggevoer word tot 'n eietydse eksistensiële krisis en die behoefte aan „ein einheitliches Bild des Menschen.” Slegs deur radikaal te vra na die mens, kan die historikus positief antwoord op hierdie tydgenootlike appèl; dit is en bly immers die taak van die historikus om die mens in sy totale leefwêreld te begryp. Nou is dit so dat die sg. tekskritiek nie altyd die effektiwste en insiggewendste wyse van oopdekking van hierdie mens-wêreld-verhouding is nie. Ons wil nie die taak van die filosoof as sodanig suspendeer nie, maar dit is onses insiens van fundamentele belang dat die historikus kennis dra van 'n spesifieke, antropologies-historiese (deel) perspektief op die gehele menslike studieveld. *Vir die filosoof gaan dit om die mens as mens in sy totaliteit, vir die teoretiese historikus bloot om 'n regionale antropologies-historiese perspektief.*

Die vraag wat nou nie meer negeer kan word nie, is wat word dan onder 'n teorie verstaan? Romein definieer 'n teorie as „een uit een ervaringsapriori afgeleid stenogram van dat gedeelte der werkelijkheid dat zij benaderen wil”<sup>40</sup>, 'n teorie vereenvoudig dus, is verder apriories en eensydig in beginsel. Word daar nou kritiek teen laasgenoemde aspekte van 'n teorie verwoord, is dit prinsipiële irrelevant omdat dit die hipotetiese aanvangspostulaar negeer. Uit die aard van die saak is enige teorie per definisie dan hipoteties en temporeel maar daardeur nie *per se* waardeloos nie. Die funksie van 'n teorie is immers om deur insig tot verdere ondersoek te lei<sup>41</sup>. So 'n teoretiese utopia is Max Weber se „ideaal-tipes” mens. Die eenmalige word hier juis deur die abstraktipes tot duidelike eksplikasie gebring (ook Romein se A.M.P.-Algemeen Menslike Patroon val in dié kategorie)<sup>42</sup>. Die begrippe en veralgemenings is ten opsigte van die historikus miskien meer vaag en hipoteties en minder spesifiek maar steeds waardevol. Algemene uitsprake soos „Revolusie word deur korrupsie veroorsaak”, is immers in hul abstraksie vaag en „bloedloos”, maar moet dit teweens per definisie ook wees (Landman)<sup>43</sup>. Dat hulle „bloedloos” is, geld ook nie net die geskiedenis nie, maar alle wetenskappe. Dit gaan immers bv. nie bloot om die mens Napoleon nie maar eweneens om 'n rewolusionêre tipemens — hierdeur kan die besondere dan duideliker afgeëts word. Sodanige teorie en veralgemening is weliswaar nie direk aanwendbaar as historiese kennis-prosedure nie, maar is bydrae tot die verheldering van die histories-eksisterende mens.

Byna naïef, in die lig van bogemelde, is sommige historici se beswaar dan teen bv. Toynbee, eintlik 'n beswaar teen die beginsel van teorievorming as sodanig en by implikasie is dit dan 'n negering van die wetenskap in die algemeen. Dit grootliks omdat teoretiese besin-

40. Romein, J., *Eender en Anders Twaalf Nagelaten Essays*, Querido's Mskpy. N.V., Amsterdam, 1944, p. 67.

41. *Ibid.*, p. 64.

42. *Ibid.*, p. 71.

43. Landman, W. A., en S. J. Gous, pp. 37-8.

ning steeds as 'n bykomstigheid en van triviale belang geag word deur vakspesialiste. Meer resent is daar egter die duidelike voorbodes van 'n kentering naspeurbaar. So betoog Potter: „Nothing is more urgent for historians than for them to analyze their practice of generalization, to define the principle kinds of generalization which they engage in . . . and to seek an organized conscious view of elements which have remained unorganized and unrecognized though ubiquitous in historical writing”<sup>44</sup>. Bodde pleit weer vir navorsing oor veralgemening en die kanalisering daarvan<sup>45</sup>. Baudet sien hierdie bewusword van sy teoretiese grondslae as heroriëntasie van geskiedkundiges, om so nader aan die lewe self te kom<sup>46</sup>. Toynbee en Romein is dit eens dat 'n verdere verwaarlosing van die teorie vir die kousale analise van die geskiedenis heilloos gevolge sal hê<sup>47</sup>. Romein wys ook tereg daarop dat geskiedenis as 'n diskussie sonder einde (Geyl), sonder 'n regionale, teoretiese deeldisipline, eintlik *in toto* sinneloos is, terwyl 'n teorie sonder 'n praktyk eweneens onmoontlik is<sup>48</sup>. Die vraag ontstaan wat die stand van die teoretiese besinning hier te lande is?

In sy voorwoord tot sy *Teorie en metodiek van die Geskiedenis-onderrig*, wys Van Jaarsveld daarop dat daar nog bitter weinig oor die teoretiese aspek van die geskiedeniswetenskap hier te lande verskyn het. Studente is dan ook grootliks op oorsese bronne aangewese. Elders betoog hy dat dit miskien wenslik sal wees om die graadkursus oor vier jaar te laat strek sodat die teorie (wat tans oorsigtelik in die honneurskursus aangebied word) ook vir die graadkursus kan geld in die laaste jaar<sup>49</sup> — dit is dus 'n graaduele en nie prinsipiële verskuiwing nie. Dit gaan vir ons nie heeltemal op nie, omdat dit eintlik vir ons gaan om 'n prinsipiële-foutiewe vertrekpunt in die geskiedeniswetenskap. Dit is naamlik van fundamentele belang dat die geskiedenis as wetenskaplike dissipline reeds gedurende die eerste jare aan universiteit gefundeer moet word op 'n regionale, wysgerige antropologie. *Sodanige deeldisipline is weliswaar nie die primêre, maar desondanks 'n onmisbare, onderafdeling van die geskiedeniswetenskap*. Sou die teorie eers in die vierde jaar geld, is die vertrekpunt steeds ongefundeerd. Alleen op hierdie wyse is dit prinsipiële moontlik om te verhinder dat geskiedenis ongefundeerd trag om die verlede tot spreke te bring. Alleen op so 'n wyse dra ons fundamenteel ons deel by om die „eenheidsbeeld van die mens” te herstel. In onderhawige verband is die uitspraak insiggewend dat die taak van die geskiedeniswetenskap nie alleen vereenvoudiging en simplifi-

44. Potter, D. M., „Explicit Data and Implicit Assumptions”. In: *Generalization in the writing of history*, p. 192. Vgl. ook Anderle, pp. 40-42; *Schieder*, pp. 215-217.

45. Bodde, D., „Comments on the paper of A. F. Wright,” In: *Generalization in the writing of history*, p. 59.

46. Soos aangehaal deur Bouman, P. J., *Wetenschap en werkelijkheid*, p. 138.

47. Romein, J., *In de hof der historie*, p. 27.

48. *Ibid.*, p. 36.; Vgl. Anderle, O. F., p. 45.

49. Van Jaarsveld, F. A. en J. I. Rademeyer, Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg, 1966. Verder Van Jaarsveld, F. A., *Lewende verlede*, A.P.B., Pretoria, 1961. pp. 1-2; Van Jaarsveld, F. A., „Die Afrikaner en geskiedenis op skool”, in *Historia*, 12 nr. 3, 1967, pp. 163-164.

kasie is nie, maar ook tot eksistensieverheldering moet lei. Dit is volgens Heimpel die gedissiplineerde gedagtenis van die mensdom, meer nog, „darum ist Geschichte letzten Endes Selbstkenntnis“<sup>50</sup>. Hierdeur en hierdeur alleen is ons in staat om die mens vanuit historiese perspektief bewus te maak van sy historisiteit; is ons besig om 'n tydgenootlike appèl positief te beantwoord.

Ten slotte wil ons nog meer eksplisiet enkele relevante probleme aandui wat by sodanige teoretiese deeldisipline ter sake sal wees.

Die eerste probleem is die oorbeklemtoning van feite en bronne-materiaal. Beginnende met die epogmakende oproep van Ranke om te wys „wie es eigentlich gewesen“, is die era van die feit en bronne as sentrale historiese fenomene finaal bevestig. Hierdeur ontstaan egter „a vast and growing mass of dry as dust factual histories . . . knowing more and more about less and less“<sup>51</sup>. So word onder andere die mens as sentrale historiese fenomeen bedreig. Dit moet weereens gestel word dat 'n historiese feit beslis nie enkelvoudig is nie en as sodanig eindpunt van 'n gehele seleksie- en interpretasiegebeure is (Van Peursen) en dus in die opleiding van historici, 'n teorie impliseer wat blykbaar implisiet veronderstel word maar uiters oppervlakkig (indien wel) eksplisiet verantwoord word.

Nog meer delikaat is die matelose dokumente-erbied wat by historici bestaan. Toynbee stel dit so: „As far back as I can remember, I have always felt that many of my seniors and contemporaries have become prisoners of the documentary wealth which they have opened up“<sup>52</sup>. Die boom in stede van die bos word die fokuspunt van die belangstelling. In hierdie atmosfeer is Nietzsche se waarskuwing teen 'n „dooie“ geskiedenis weer dubbel pregnant. Bouman waarsku teen die gebrek aan deurbreking van die kettings wat die feite omhul, sodat daar 'n algehele gebrek aan 'n „probleem-bewussyn“ bestaan, wat onder andere inhou 'n totale afsydigheid teenoor sekondêre bronne. Hy stel dit verder dat wie werklik tot die verstaan van die mens wil geraak, soms juis op die sekondêre bronne moet steun. Bouman illustreer dit aan die hand van 'n Wilhelmiense kersliedjie wat soos volg lui: „Morgen kommt der Weihnachtsmann, Kommt mit seinen Gaben. Trommel, Pfeifen und Gewehr, Fahnd und Säbel und noch mehr, Ja, ein ganzes Kriegesheer“<sup>53</sup>. Hierdie liedjie as sprekende simptome van 'n tydgees sê veel meer as vele dooie argiefstukke. Inderdaad vele dokumente word daardeur geken, „daz sie keinen Trophen der gemeinen empirischen Wahrheit in sich hat“<sup>54</sup>.

50. Heimpel, H., *Der Mensch in seiner Gegenwart*, p. 214.

51. Carr, E. H., p. 15.

52. Toynbee, A., „How the book took shape,” in *Toynbee and History*, Ed. M. F. A. Montagu, Porter Sargent publisher, Boston, Mass. 1956, p. 10.

53. Bouman, P. J., *In de Ban der Geschiedenis*, p. 48; ook in sy werke *Rewolusie der Eensamen en Vijfstromenland* trag hy eerder om 'n tydsges te rekonstrueer en wel deur, nie soos gewoonlik, bloot op primêre bronne staat te maak nie. Die feit dat hier te lande al werke soos F. A. Venter se *Offerland* aan Universiteitstudente voorgeskryf is, verteenwoordig 'n soortgelyke poging en moet verwelkom word.

54. Nietzsche, F., *Vom Nutzen und Nachteil der Historie für das Leben*, Phillip Inn. Stuttgart, 1967. p. 47.

Vervolgens wil ons voortspruitend uit die feite-eerbeid weereens in die verbygaan gewag maak van die oorbeklemtoning van die unieke ten koste van die algemene. Feit is by herhaling dat veralgemening dien om die unieke te kontrasteer. Meer nog: 'n wetenskap wat met 'n komplekse fenomeen soos die mens en sy wêreld te make het, moet beide individualiserende en generaliserende kategorieë oopdek en aanwend in sy eksposisie. Dit is beslis nie (in die lig van die reeds gestelde) met 'n determinisme gelyk te skakel nie. Anderle betoog hieroor: „The argument that theories (en dus veralgemenings) cannot be developed for history since historical facts fail to evince the uniformity requisite to theoritation is arbitrary, narrow minded and does not hold water”<sup>55</sup>.

Voortspruitend uit 'n mikrokosmies-gerigte benadering is daar ook in die lig van ons tema 'n wesentlike gebrek aan integrale geskiedskrywing (Romein).

Burckhardt stel die taak van die integrale (universele) geskiedskrywing so: „Der Geschichtschreiber der dieses Namens würdig ist, muss jede Begebenheit als Theil eines Ganzen . . . darstellen”. Politieke, sosiale, ekonomiese en wêreldgeskiedenis in die algemeen, moet in relasie tot mekaar staan om sodoende dieper in die historiese proses as sodanig te dring. Belangrike aanvoorwerk is in genoemde verband deur Dilthey, Groethuysen, Burckhardt en Huizinga gedoen, maar vakhistorici toon nog bitter weinig belangstelling vir sintese en vergelyking. Dance wys pertinent daarop dat die Ooste byvoorbeeld in tydgenootlike perspektief veel meer pertinent en nie in die geykte idioom geëvalueer moet word nie<sup>57</sup>. Schieder sien dit as taak van die historiese teorie en metode om te trag om 'n brug te slaan tussen gespesialiseerde detailnavorsing en 'n totale vaagheid betreffende universele geskiedenis.<sup>58</sup> Wat verder belangrik is, is dat die vergelykende metode nie 'n doel op sigself is nie, maar juis ook deur sy universaliteit dien „zu einem Mittel der Besinnung auf den Menschen, ein Medium der menschlichen Existenzerhellung”<sup>59</sup> — as bevryding uit die ban van 'n tydgenootlike krisis. Ten besluite moet ons dit stel dat daar as gevolg van 'n meer generaliseerde benadering oppervlakkigheid mag intree, maar nie prinsipiële hoof in te tree nie, dus eerder as 'n praktiese beswaar geld.

Vervolgens moet ons aandag aan die sg. „era approach”, „Inselbildung” of eksemplariese leer gee.<sup>60</sup> In 'n poging om die magdom

55. Anderle, O. F., pp. 44-45 (my invoeging).

56. Romein, J., *Eender en Anders*, p. 36.

57. Dance, E. H., *History the betrayer — a study in bias*, Hutchinson & Do., Ltd., London 1969, veral hoofstuk IV. Die V.V.O. via sy liggaam UNESCO doen tans belangrike werk in onderhawige verband.

58. Schieder, T., p. 154.

59. *Ibid.*

60. Vgl. veral Scheuerl, H., *Die exemplarische Lehre-Sinn und Grenzen eines didaktischen Prinzips*, Max Niemeyer Verlag, Tübingen 1969 en Van Dyk, C. J., *Vanaf vorming (Bildung) tot eksemplariese onderrig en letr — 'n didakties-pedagogiese strukturering*, ongepub. D.Ed.-proefskrif, U.P., 1969; Ebeling, H., *Methodik des Geschichtsunterrichts*, H. Schroebel Verlag, Berlin 1955, p. 39; Van Jaarsveld, F. A., „Moderne probleme in verband met Geskiedenis-onderrig en metodes om dit op te los”. In: *Onderwysblad*, Nr. 832, Julie 1970, pp. 192-198.

feite te orden, is daar resent getrag om deur die propagering van die eksemplariëse (tipiese, paradigma, analoge, model of gelykenis) die stof sinvol te beheers. Dit gaan hier om die ponering van fenomene wat meer bepaald die wesenlike of tipiese na vore bring. Nou is dit weliswaar so dat die paradigma histories gesproke bloot 'n beperkte trefkrag en funksionaliteit kan hê, omdat die eenmalige immers primêr is. Maar dit is net so waar dat die unieke sonder die algemene of tipiese *in toto* onhoudbaar is en bloot dui op 'n kroniekskrywe. Trouens geen historikus kan onverskillig staan teenoor sulke strukture nie, hulle mag net nie 'n absolute, natuurwetmatige konnotasie hê nie. Tiperinge soos „middeleeu”, „rewolusie”, die „Voortrekkers”, is funksioneel en absoluut essensieel. Schieder sê: „Allgemeines und Besonderes kann gerade hier keinesfalls als Gesundes und Krankes gegeneinander gestellt werden, sondern beides gehört zur Wesensbestimmung des geschichtlich Lebendigen”<sup>61</sup>. Feit is dat 'n makrokosmiese en mikrokosmiese benadering komplimentêr is. Selfs die unieke word juis in sy uniekheid gesterk, deurdat ons 'n „egte ontmoeting” (Scheuerl) met die historiese realiteit deurgaan as ons die algemene belig. Die eksemplariëse wil representatief wees en terselfdertyd wesenskenmerke na vore bring, al is hy histories, nie absoluut toepasbaar nie. Die resente werk en navorsing is in genoemde verband inderdaad epogmakend (Barbhiil).<sup>62</sup> Die vraag is net of ons hier te lande ons genoegsaam op hierdie terrein ingegrawe het? Kan ons sonder akademiese of professionele opleiding werklik, bv. A. H. Potgieter, as verteenwoordiger van 'n „tipe-mens” in sy volle eksistensiële konnotasie tot sy reg laat kom?

Nou verbonde aan die eksemplariëse leer is die hele fenomenologiese kenhouding; in die sin naamlik dat die fenomenologie trag om dit wat wesenlik is van 'n sekere fenomeen kragtens 'n bepaalde reduksieprosedure te poneer.<sup>63</sup> Nou is dit fundamenteel dat die fenomenologie as vertrekpunt 'n uitdruklike antropologiese beginsel het en dat hy sodanige vertrekpunt as fundamenteel van alle menswetenskappe ag. Landman definieer die fenomenologie as volg: „Fenomenologiese deskripsie beteken die denkende, intuïtiewe skou en beskrywing van wesenskenmerke, die oopdek van wat gelykblywend, onveranderlik en altyd geldig van 'n bepaalde verskynsel is”.<sup>64</sup> Dit is verder nodig om sekere kategorieë te ontwerp wat juis die wesenlike belig, vertrekkende vanuit die menslike leef- en beleweniswêreld. Een van die verdienstes van hierdie kenhouding is dan ook dat die mens (subjek) wêreldverhouding nie geïsoleer en vervreem, maar juis as eenheid fundeer word. Potgieter trag in sy eerste „eksperiment” in genoemde verband om deur die aanvaarde prosedure

61. Schieder, T., pp. 171-2.

62. *Ibid.*, p. 176.

63. Vgl. veral Landman, W. A. en S. J. Gous; Lauer, Q., *Phenomenology Its Genesis and Prospect*, Harper's Row, New York, 1958; Beerling, R. F., *De transendentale vreemdeling*. W. de Haan, Hilversum, Amsterdam, 1965; pp. 62-63 veral; Meyer, A. M., e.a. *Die fenomenologie — sy werkswyse en metode*, *Academica*, Pretoria, 1967.

64. Landman, W. A. — S. J. Gous, p. 25.

tot die ponering van wesenlikhede te geraak aangaande die historiese gebeure, wat deur hom in terme van antropologies-ontologies-historiese kategorieë verwoord word.<sup>65</sup> Een dusdanige kategorie is bv. dié van situasie-oorskryding, wat hy op die geval Kennedy toepas. Dit is van wesenlike belang dat hierdie kategorieë as „bloedloos” geld. Dit kan dan deur die hand van ’n wetenskaplike in ’n bepaalde historiese situasie aangewend word of as referensie gebruik word. Nou wil ons nie pretendeer dat die bruikbaarheid van die fenomenologie soos definitief in die geval van die pedagogiek geld, ook in die historiese situasie van krag sal wees nie. Daar is egter beslis ruimte vir ondersoek en teoretiese begroning in genoemde verband; meer nog, dit bied die geleentheid vir spesifieke teoretiese vraagstellinge. Helaas het die opsigtelike verdienstes van die fenomenologie om onder andere die wesenlike van die mens in elke situasie na vore te bring, nog „überhaupt” nie die Chinese muur (Romein) kon deurbreek waarmee historici aan beproefde metodes en konvensies vasklou nie.

Nog vele aspekte (wat miskien minder hier direk ter sake is) ten opsigte van die teoretiese geskiedenis, kan vermeld word. Ons wil egter volstaan deur na die opleiding van historici en spesifiek onderwysers te verwys. Van Jaarsveld soek onder andere die gebrek aan historiese bewussyn in ons tyd by „die aard van ons opleiding van geskiedenis onderwysers en die beoefening van die vak self.”<sup>66</sup> Naas kennis is die skoling in die beginselgrondslae verwaarloos en dit is die *crux* van die saak. Die beginselgrondslae as sodanig is nie „onmisbaar” nie, maar as wyse om juis die historisiteit en antropologiese essensies van die mens as historiese wese in die kalklig te stel, is die teoretiese grondslae van kardinale belang. „Die student het vertrouwd geraak met feite, maar nie met die wetenskaplike metodes wat daardie feite vasgestel het nie”<sup>67</sup> Ons wil dit nog sterker stel: die student het nooit daarvan bewus geword dat hy tot in sy diepste wese histories is nie — dat juis die geskiedenis hom in staat stel om homself te vind, maar so ook dialoog met die ander te kan voer sodat dit ’n sinvolle wêreld vir my en ons in beginsel kan wees. Alleen hierdeur kan ek ’n histories-verantwoorde antwoord op ’n eietydse krisisappèl gee.

M. Trümpelmann.

65. Potgieter, F. J., *Opvoedingsdoelleer in historiese perspektief*, Die Transvaler Boekhandel, 1968, pp. 7-13.

66. Van Jaarsveld, F. A. „Die Afrikaner en Geskiedenis op skool”, p. 163.

67. *Ibid.* p. 164.